KRANSPOORT

Posbus 855
Kranspoort 1080

Tel 013 262 8127
Faks 013 262 8144 / 086 271 5847
kranspoort@ctecg.co.za

Geagte Eienaars /Inwoners / Kontrakteurs

ALGEMENE INLIGTING VIR DIE VAKANSIETYD

KANTOORURE: Die kantoor sal normale weeksdae oop wees gedurende die vakansietyd - 07:30 tot 16:00.

Maandag 25 Desember 2017 - Gesluit

Dinsdag 26 Desember 2017 - Gesluit

Woensdag tot Vrydag 27 - 29 Desember 2017 : 8:00 - 14:00

Maandag 1 Januarie 2018 - Gesluit.

Betalings en ander korrespondensie kan steeds in die posbus by die kantoor se voordeur, gepos word.Tel : 013-262 8127 / 079 886 4260

VULLISVERWYDERING: Vind plaas op Maandae soos normaal maar nie op Maandag 25 Desember , Dinsdag 26 Desember of 1 Januarie nie.Dit sal verwyder word op Woensdag 27 Desember en Dinsdag 2 Januarie.

Onthou daar is twee rommel stortingsterreine, nl: Huishoudelike vullis - by die ingang na die Kranspoort werkswinkel

Tuinvullis – agter die Kranspoort Waterwerke – ingang by bruggie.

BYSTANDDIENS: Skakel **071 255 3774** indien u bystand benodig, enige probleme wil aanmeld of enige navrae het.

SEKURITEIT: Help asb om ongemagtigde toegang tot Kranspoort te beperk. Reël met die besoekers vir u toegangskode .

Die hekwagte mag u ook skakel om te bevestig of u besoekers verwag voordat hulle toegelaat sal word.

WEES VERSIGTIG vir SLANGE.

Skakel die bystandnommer indien u 'n probleem met slange ondervind.Kan ook Jannie Coetzee kontak by 082 928 7543

APE en BOBBEJANE wil graag deel in u Feesmaal. Maak asb alle vensters en deure toe wanneer u uitgaan en voorkom uself baie moeite en skade.

RUSVERSTORING:Neem asb die ander inwoners en u bure in ag en moet nie in die dag of na 22:00 harde musiek speel of lawaai maak nie.

BOUWERK OOR NAWEKE: Beperk asb onaanvaarbare luidrugtigheid van kontrakteurs ens. op boupersele.

BRANDGEVAAR en VURE: Weens die Wild en Brandgevaar MAG GEEN KLAPPERS EN VUURWERKE OP KRANSPOORT GESKIET WORD NIE.Wees ook versigtig wanneer u braaivleisvure maak, en blus alle vure voordat u gaan slaap. Moet asb nie warm as uitgooi nie.

WATER: Gebruik water asb spaarsamig aangesien daar groot behoefte aan water is met die hoeveelheid mense in Kranspoort oor hierdie vakansie-tydperk.

TROETELDIERE: Geen honde en katte word toegelaat op Kranspoort nie.

ELEKTRISITEIT: Kontak ESKOM se klantedienssentrum by 0860 037 566 of ook 084 196 4474 en hou u rekeningnommer byderhand.

VAKANSIE-VERMAAK op Kranspoort

Besoek ook die webwerf: www.kranspoortdorp.co.za

Wildbesigtiging – identifiseer die wildsoorte en –spore. Kameelperde, koedoes, rooibokke, rooihartbeeste, ribbokke, sebras, blouwildebeeste, blesbokke ens - te voet of met u voertuig. Die kaart waarop die verskillende wildkykroetes aangedui word vir gewone voertuie asook die 4 x 4 roetes is beskikbaar by die kantoor.

Voëlkyk en Bome – identifiseer die groot verskeidenheid voëls en bome wat hier voorkom - kontak Abel Venter 082 892 3117 of Dawid vd Walt 082 851 8165

Besoek en Geniet die nuwe ervaring van `n luukse voëlskuiling by Jopie se Pos Watergat.

Staproetes:: Kry 'n kaart van die voetslaanroetes by die kantoor. Daar is korter en langer roetes wat gestap kan word om die pragtige natuur te geniet.

Fietsry - geniet Kranspoort se roetes op u trapfiets en bergfiets.

Hengel in Kranspoortdam: Sluit aan by die Kranspoort Hengelklub teen R100 per persoon per jaar en dagtarief van R 20.00 - slegs Kranspoort eienaars. Algemene publiek nie toegelaat nie, maar gaste kan toegelaat word indien vergesel van 'n Kranspoorteienaar. Provinsiale lisensie noodsaaklik.

Kontak Robert Smit 079 098 5211 of Hannes van Rensburg 061 1628 610 vir meer inligting en om 'n permit te bekom.

4 x 4 Roetes – Roetes sal daagliks oop wees van 06:00 tot 18:00 Let wel – Slegs viertrekvoertuie word op die 4x4 roetes toegelaat soos aangedui op die borde. Indien bystand hier verleen moet word, sal 'n bedrag van ten minste R 500 gehef moet word.

Gholf: - Kom speel gerus 'n rondte of twee op die Kranspoort Gholfbaan wat sorg vir 'n heerlike uitdaging in die natuur.

Skakel **082 715 6029** vir Besprekings of Jean von Zweel by 076 587 8210

Die gholfbaan sal Maandae oop wees gedurende die vakansietyd, maar is gesluit op 25 Desember 2017.

Die baan is oop op op Dinsdag 26 Desember , Woensdag 27 Desember 2017 asook op 1 & 2 Januarie 2017.

Kranspoort Gholfbaan se kafeteria en kroegfasiliteite is beskikbaar vir almal - nie net gholfers nie. Kom geniet gerus 'n ligte maaltyd of 'n drankie hier.

Hou piekniek en braai by die pragtige toegeruste piekniekterrein in Kranspoortrylaan of braaiarea bo-op die Plato. Die braai-fasiliteite is gratis tot u beskikking. Skakel die kantoor vir verdere navrae.

Kerkdienste in die Gemeenskapskerk oorkant die pad (N11) - kontak Elna 071 241 3344

Almal welkom – kom gerus in u vakansieklere en dien die Here saam in hierdie Feestyd.

DIENSTE EN TYE:

Sondae: Erediens om 08:00

Kersdiens: Maandag - 25 Desember '17 om 10:00

Oujaarsaand Sondag - 31 Desember '17 om 18:00

NUWEJAARSBRAAI - 1 Januarie 2018:

Gebruiklike Nuwejaarbraai by die piekniekterrein vanaf 10:00.

Bring jou eie braaigoed, mandjie, stoele, familie en vriende en kom kuier heerlik saam.

IN DIE OMGEWING:

FOREVER RESORTS Loskopdam & Waterfall Safari Lodge : Seisoenkaartjies 2018 : R 600 vir Kranspoort Inwoners per paar – vorms en inligting beskikbaar by Kranspoort Kantoor.

Geniet 'n dag by Loskopdam – swem, putt-putt, bootry, a-la-carte Restaurant. Skakel Tel. (013) 262 3075 vir inligting en toelating van dagbesoekers.

Loskop Natuurreservaat - Draai links by Damwal oor die Olifantsrivier bruggie. Verskeie wildsoorte in die Loskop Natuurreservaat met piekniekarea. Skakel Tel. (013) 262 4184 kantoorure

MBIDI LODGE – Draai regs net na Damwal Motorhawe en Slaghuis vir +- 2 km verder.

Hier kan u 'n groot verskeidenheid diere besigtig – Bruin en Wit leeus met welpies, Jagluiperds, Bengaalse Tiere, Eksotiese voëls, Reptielpark ens

. BOSPOT – by Damwal - hierdie gesellige restaurant is wyd bekend vir hul puik etes en Sondagmiddagetes. Tel. (013) 262 4499.

MAROELA LODGE : +- 5 km na damwal aan linkerkant – kontak Micheal Basson 072 571 7998

UBHETYAN-O-AFRICA

'n Unieke Hiëna teëlprojek met wit en bruin leeus asook luiperds in onderskeie groot kampe asook baie ander wildspesies. Wildkykritte. Restaurant met swembaddens en speelplek vir die kinders. Geleë op die Middelburg pad (N11). Draai links na Elandslaagte en volg die aanwysingsborde – ongeveer 13km op die grondpad. Skakel die eienaar, Deon Cornelius 083 379 5719 vir meer inligting.

Hokaai Bistro – Annie 072 062 6868 - Restaurant, swembad en speelplek vir kinders.

Kaya Beach – ons eie see in Kranspoort - Karlien 082 656 4363 Lourens 082 443 2226

INKOPIES:

Oppi stoep Winkel en Drankwinkel : direk oorkant Kranspoort Gholfklub - Ivan Pepler 082 339 9115

Groblersdal Mall nou oop is slegs 40 km noord van Kranspoort geleë, waar u bykans alles kan bekom – Spar, Game, Banke, Hardeware. Middelburg is 45km suid van Kranspoort geleë. Middelburg Mall digby die N4 bied 'n wye verskeidenheid winkels vir u inkopies.

Damwal – `n klein supermark met `n ATM asook `n slaghuis , drankwinkel en motorhawe .